

Sendelinge in boeie – maar die evangelie ongeboei

Paulus het begryp dat hierdie slavin wat hulle volg en wat – teen betaling – die toekoms voorspel, 'n werktuig van Satan is. Sy maak asof sy alles van Paulus-hulle af weet. Hulle hét en wéét niks wat vir haar 'n geheim is nie. Dus probeer die Satan die indruk deur die vrou skep dat daar niks van hulle gepreek sal kom nie, want sy het die eintlike krag daar rond! In die Naam van die Here beveel Paulus daarom dat die bose gees haar moet verlaat - iets wat onmiddellik gebeur (vers 18). Die Here laat nie toe dat sy evangelie verhinder word nie.

Dit lei daartoe dat Paulus en Silas voor die hof gesleep word op 'n belaglike klag dat hulle rusverstoorders is wat Romeinse burgers wil verlei tot volksvreemde idees en praktyke (vers 19). Verlies van inkomste is duidelik die eintlike rede. Veroordeling, geseling en boeie volg vir die sendelinge. Die Here het Paulus-hulle egter nie na Europa gelei om in 'n tronk te kreppeer nie. Die Woord van die Here moet sy loop neem. God is in beheer. Daarom kan Paulus en Silas ook in die tronk sing, want die omstandighede beheers nie hulle lewe nie; hulle blydschap is in die Here. As ek en jy ons oë op die Here hou, dan het ons altyd vreugde – dit maak nie saak wat ons omstandighede is nie.

Die aardbewing wat volg, dui aan dat God direk ingryp: die deur gaan oop en al die gevangenes se boeie val af. Die Here se bevryding is vir almal bedoel. Ook vir die tronkbewaarder. Op sy vraag: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" (vers 30), kry hy 'n antwoord wat hom en sy gesin radikaal sal verander: "Glo in die Here Jesus!" As hy die evangelie aanvaar, word hy en al sy mense gedoop. Luther het eenmaal gesê dat die duiwel altyd hiervoor vlug: 'n psalm en 'n gebed! As ons nie meer bid en sing nie, begin die duiwel oorwinnings behaal.

Sing: Psalm 136:20

Prof F Denkema (Potchefstroom)